

28 Junie - KLEINVEE

Skrifgedeelte: Esegïel 34:1-16, 23

Fokusgedeelte: Esegïel 34:11, 23

Die doel van 'n herder is baie eenvoudig: hy moet die vee wat onder sy toesig is, oppas. 'n Herder wat dit nie doen nie, is geen herder nie.

'n Herder sorg nie in die eerste plek vir homself nie – hy sorg vir die kleinvee in sy kudde. Hy soek die swakkes op, dokter die siekes, versorg die wonde van die wat seergekry het, bring die wat weggedwaal het, terug en soek hulle wat weggeraak het. Hy sorg vir elke behoefte van die kleinvee.

'n Sogenaamde “herder” wat slegs die kleinvee se melk drink, klere maak van hulle wol, die vetste kleinvee slag en glad nie vir die kleinvee sorg nie, is hoegenaamd nie 'n herder nie.

Dit is presies wat die herders, of leiers, van Israel gedoen het. Hulle het keer op keer die Here verag. Hulle het slegs die kleinvee misbruik vir hulle eie voordeel. In werklikheid was die kleinvee sonder herders, sodat die kleinvee verstrooi geraak het en 'n prooi vir roofdiere ...

Maar die Opperherder het sy kleinvee so lief dat Hy dit nie duld dat hulle onversorg bly nie. Hy eis persoonlik sy kleinvee van die slegte herders terug: Hy persoonlik sal sy kleinvee se Herder wees!

Hierdie goeie herder is niemand anders as Jesus Christus nie (vgl. Joh 10:14-18). Jesus Christus is die Goeie Herder wat sy lewe vir die skape aflê. Die Goeie Herder – *Immanuel*, God altyd met ons.

Die Goeie Herder lei en versorg self sy hele kudde. Maar Hy gebruik ons ook as herders. Elke gelowige wat aan die Opperherder behoort, is 'n herder. Ons het die skat van die Goeie Herder se goeie nuus!

Ons moet die vee wat Hy onder ons toesig geplaas het, oppas, dokter, versorg en terugroep. Of dit u gesin, familie, vriende, werkskollegas, medegelowiges of vreemdelinge is: u weet wie die Here oor u pad laat kom het. Verkondig u die goeie nuus van die Goeie Herder, of laat u die kleinvee verstrooi raak – die prooi vir roofdiere?

Weet vir seker: die Here is ons Goeie Herder! Wat 'n voorreg dat Hy ons gebruik!

Sing: *Psalm 23:1*

Teol. Student AJ Coetsee